

# "JOU ENIGSTE TROOS": PASTORALE PERSPEKTIEWE EN MOTIEWE UIT DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

C.J.H. Venter  
Departement Diakoniologie  
Potchefstroomse Universiteit vir CHO  
POTCHEFSTROOM

## Abstract

*The primary aim in establishing the Heidelberg Catechism (HC) was that it should serve as a doctrinal learning book for the youth and as a "preaching book" for reformed preachers. In research done up to now little or no attention has been given to the fact that the HC may also have a pastoral impact. This "gap" in research forms the topic for this article. Because the first answer and question of the HC fulfils a prominent part in the set-up of the whole book, it is being investigated for possible pastoral perspectives. Furthermore it is indicated where and how these pastoral perspectives occur and function as pastoral motives in the rest of the HC and how these perspectives and motives could be applied in the field of the pastoral ministry.*

## 1. INLEIDEND

### 1.1 Motivering

In die weergawe van die doelstellings met die daarstel van die Heidelbergse Kategismus<sup>1</sup> (HK) word pastorale doeleindes nie direk verwoord nie. Wat wel eksplisiet gestel kan word, is dat die HK basies rondom drie doelstellings ontstaan het: dit moes dien as bron van kennis vir die jeug self, as bron van kennis vir leraars en ouers in die onderrig van die jeug, en as preekstof in die erediens (Barth, 1960:3, Dijkstra, 1986:190, Exalto, s.j. (1980?):12 en 62). Al word pastorale doeleindes nie eksplisiet in hierdie drie doelstellings verwoord nie, kan wel gesê word dat 'n uiteindelijke doelwit met die HK as bron van kennis vir die jeug en ouers en leraars, en as preekstof, moeilik anders kan wees of losgemaak kan word van 'n pastorale doelwit. Weliswaar sou genoem kan word dat hierdie pastorale doelwit nie altyd genoegsaam deurgetrek is in die onderrig en prediking uit die Heidelbergse Kategismus nie. Dus: afgesien van die feit dat die HK as kennisbron vir die onderrig en prediking

---

<sup>1</sup> Heidelbergse Kategismus voortaan afgekort as HK

gefunksioneer het, asook as belydenis en apologie in die hantering van die destyds heersende teologiese verskilpunte (Oberholzer, 1989:601), kan die vraag met reg gevra word: waarom is en word die HK nie ook pastoraal ontgin nie? Hierby moet verder gestel word dat in wetenskaplike besinning uit en oor die HK - ook in die jongste tyd - die fokus steeds val op die onderrig daarvan in die kategese (vgl. Dijkstra, 1988:190-208 en 1980:40-53, Prins, 1973:233-272, Graffman, 1961:702-715). Heelwat literatuur oor die prediking van die Heidelbergse Kategismus verskyn nog steeds (vgl. Jooste, 1963:313-322, Jonker, 1976:130, Schulze, 1988:24-31, Grobler, 1988:120-135, Spoelstra, 1989:1-26), asook oor die teks van die HK (Oberholzer, 1985). Terwyl die besinning oor die funksionering van die HK in kategese en prediking verwelkom moet word, bly dit tog 'n leemte dat moontlike pastorale perspektiewe en motiewe en die moontlike pastorale impak van die HK vir die praktyk van die herderlike bediening nie genoegsaam nagevors word nie.

- Uiteraard word met die wetenskaplike ondersoek na pastorale motiewe en perspektiewe in die HK geensins bedoel dat die HK die Bybel moet vervang of enigins verdring van sy sentrale plek in herderlike werk nie. Geen geskrif kan in die plek van die Bybel gestel word nie. Omdat die HK 'n sistematiese samevatting van die kernwaarhede uit die Woord van God is, sal die ontginning van pastorale motiewe en perspektiewe uit die HK altyd weer teruglei na die bron en fondament daarvan, naamlik die Bybel.

'n Verdere motivering vir hierdie navorsing is dat in die wetenskaplike besinning oor die plek van die leer in die praktyk van die pastoraat, die HK feitlik nêrens aan die orde kom nie. Daar word hoofsaaklik gekonsentreer op breë lyne of *loci* uit die dogmatiek en die toepaslikheid daarvan vir die herderlike bediening. Rossman (1985:120-126) behandel die leerstuk van die voorsienigheid van God in herderlike werk aan siekes en sterwendes. Verder word besin oor breë dogmatiese lyne as onderbou vir die pastoraat (vgl. Newton, 1987:89-97, Adams, 1979:1-11, Bouman, 1984:3-11, Spilka, *et al.* 1981:16-29, Stollberg, 1982:216-232, Herms, 1979:276-300; Hartveld, *et al.*, 1966:20-25).

- As finale motivering geld ook die feit dat selfs net by 'n eerste kursoriese lees van die aanvang van die HK die gedagte versterk word dat pastorale begrippe (byvoorbeeld troos, verlossing, bewaring, versekering deur die Heilige Gees) wel aanwesig is en nader verken behoort te word.

## 1.2 Probleemstelling

Vanuit die hipotese dat pastorale motiewe en perspektiewe wel in die HK aanwesig is, word die probleemstelling wat ondersoek word, nou herlei tot die volgende kernvrae:

- \* Watter pastorale perspektiewe en motiewe bied die HK?
- \* Hoe word hierdie pastoral perspektiewe uit die eerste antwoord van die HK nader uitgewerk in pastorale motiewe wat verspreid lê oor die res van die HK? (Vgl. 1.3 en 2.)
- \* Watter toepassingsvlak sou die resultate kon hê vir die praktyk van die herderlike bediening?

## 1.3 Verheldering van terme wat gebruik word

Onder *perspektiewe* word hier bedoel 'n bepaalde pastorale visie wat in die eerste antwoord van die HK as't ware net gestel word. Hierdie pastorale perspektief uit die eerste antwoord soos dit dan in die res van die toepaslike gedeeltes van die HK verbesonder word, word pastorale *motiewe* genoem.

## 1.4 Metode

Deur analise en interpretasie word toepaslike stof uit die literatuur gekeur en gerangskik om te kom tot teorievorming oor die probleemstelling soos in 1.2 geformuleer.

'n Selfstandige verkenning van pastorale perspektiewe uit antwoord 1 soos dit verbesonder word in pastorale motiewe in die res van die HK word onderneem. 'n Moontlike praktiese pastorale toepassingsvlak vir hierdie perspektiewe en motiewe soos wat dit na vore mag kom, sal telkens gebied word by wyse van stellings. Kursivering in die beklemtoning van sekere toepaslike uitdrukkings in die HK is dié van die outeur.

## 2. DIE KARDINALE PLEK VAN VRAAG EN ANTWOORD 1 IN DIE GEHEELOPSET VAN DIE HK

Waarom word vir hierdie artikel teruggegaan na vraag en antwoord 1 en van daaruit bepaalde perspektiewe gebied? Juis omdat vraag en antwoord 1 die hele HK tot 'n unieke boek stempel. Omgekeerd kan gestel word: die uniekheid van die HK lê in vraag en antwoord 1. Die aanvang van 'n hele kategismus word hier nie gewy - soos met die meeste ander kategismusse van destyds - aan vroeë oor die skepping van die mens of die doel van sy menswees nie, maar aan sy "in Christus"-wees (vgl. Exalto s.j., 1980(?):59-60). Omdat reg van die aanvang af oor die "in-Christus-wees" gehandel word, kan gesê word dat die inhoud van die hele HK in gekonsentreerde vorm in die eerste vraag en antwoord saamgevat word (Dijkstra, 1988:193-194), of ook dat Sondag 1 die skopus van die hele HK is (Schulze, 1988:26, Prins, 1973:161). In hierdie verband het Barth gestel dat die res van die HK kommentaar is op Sondag 1 (1960:16). Haitjema (1962:16) noem Sondag 1 die preludium van die heilswaarheid wat nader uitgewerk gaan word en Bavinck (1902:2) bestempel die unieke plek van Sondag 1 as "... een kostelijke voorportaal van een paleis dat tot binnentreden uitlokt".

In hierdie verband is twee kort opmerkings gepas:

- Dit is opvallend dat die eerste vraag en antwoord van die HK in 'n sekere sin bykans dieselfde plek inneem in die geheel van die HK as wat die inleiding inneem in baie briewe in die Nuwe Testament. In die inleiding van dié briewe word meermale op 'n flitsende wyse perspektiewe uit die hele verdere inhoud saamgetrek (vgl. Janse van Rensburg, 1990:78) om dan later in die brief breër aan die orde gestel en uitgewerk te word.
- Op die vraag hoe dit histories verloop het dat Sondag 1 die inleiding tot die HK vorm, word hier nie verder ingegaan nie (vgl. hiervoor onder andere Oberholzer, 1989:626-633, Steenkamp, 1989:611-625, Hollweg, 1961:86-152, Bakhuizen van den Brink, 1940:25-34).

### 3. 'N ONDERSOEK NA MOONTLIKE PASTORALE PERSPEKTIEWE UIT VRAAG EN ANTWOORD 1 VAN DIE HK EN PASTORALE MOTIEWE UIT DIE RES VAN DIE HK

#### 3.1 Die trooperspektief

##### 3.1.1 'n Nadere omlinyng van die *trooperspektief* in vraag en antwoord 1

Dat die troos wat hier bedoel word uniek is - "*unica tua consolatio*" (Bakhuizen van den Brink, 1940:148) - is reeds duidelik uit die beklemtoonde posisie - *vraag en antwoord 1* - wat die troos inneem in die geheelopset van die HK. Agter hierdie unieke troos van die HK lê die werk van die unieke (enige) Here. Die uniekheid van die troos moet ten diepste gefundeer word in die ekonomie van die genade van God Drie-enig in Christus (vgl. verder by die trinitariese perspektief). Hier word volstaan deur te stel dat dit die enige Here is wat 'n enige troos gee - en ook op 'n enige wyse troos.

Die *unica* van die troos korrespondeer voorts met die drie *solas* van die Reformasie: *sola gratia, sola fide, sola scriptura*. Juis op grond hiervan kon Engelbrecht (1989:636) uit 'n vergelykende studie tussen die HK en die Nederlandse geloofsbelofenis tot die stelling kom dat die troos van vraag en antwoord 1 van die HK *tipies*, dit wil sê *unica*, spesifiek van die HK is. Die doel van hierdie tipiese formulering van die HK is om die totale inhoud van die Christelike leer onder die aspek van troos saam te vat.

Waarin moet die unieke van dié troos nou gesoek word?

Die HK volstaan deur die inhoud van die troos in antwoord 1 te omlyn as "... dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus behoort ...".

In hulle besinning oor hierdie uitdrukking oor die uniekheid van die troos, lig verskillende outeurs verskillende gesigspunte uit. Miskotte (1947:10-13) vind die unieke van die troos daarin dat die mens self die troos nie gesoek het nie - "ze is Gods ongevraagde werk". Omdat troos God se werk is, moet die unieke van die troos gesoek word in "het Jezus eigen zijn" (Haitjema, 1962:21) van die gelowige. Haitjema (1962:19) beklemtoon ook dat die unieke van die troos van vraag en antwoord 1 daarin lê dat die HK nie begin met Christus *in* ons, of Christus *met* ons nie, maar met Christus *vir* ons.

Barth (1960:5-6) stel dat die unieke van die troos daarin bestaan "dass nach Frage 1 ein Zustand hergestellt wird, der tröstet und mahnt, aufruft und stärkt". Hierdie toestand van Christus-vir-ons bestaan dan daarin dat ek nie aan myself nie maar aan my getroue Saligmaker behoort. Barth toon ook aan dat agter hierdie troosperspektief van vraag en antwoord 1 niks minder lê nie as die mens se behoefte aan troos, aan 'n Trooster en om op 'n sekere wyse getroos te word. In hierdie drie dimensies van troos is alles - in lewe en in sterwe - ingesluit "... wonach man am Anfang der Christlichen Lehre auch fragen könnte. Wer ist Gott? Der uns Tröstet. Wer ist der Mensch? Der Getröstete. Was ist Wahrheit? Der von Gott dem Menschen gegebene Trost".

Dit kan dus gestel word dat die kern van die troos van vraag en antwoord 1 daarin lê dat 'n gelowige nie sy eie eiendom is nie maar dat hy aan Christus behoort. Hierdie troos staan nie los van die konkrete, alledaagse lewe van die gelowige nie "maar is in het leven ingegaan gelijk Christus in het leven ingegaan is" (De Graaff, 1954:17). As dan gesê word dat hierdie troos nie lewensvreemd nie maar op die lewe gerig is, het hierdie troos besliste pastorale implikasies.

## 3.2 'n Verkenning van troosmotiewe in die HK vanuit die troosperspektief van antwoord 1

### 3.2.1 Verdieping van die troosperspektief

Die troosperspektief wat in vraag en antwoord 1 ontgin is, word verdiep in antwoord 53 van die HK waarin gehandel word oor dit wat die gelowige van die drie-enige God bely. In die eerste antwoord van die HK is die kern van die troos dat die gelowige aan Christus behoort. In antwoord 53 word *troos* baie sterk aan die werk van die Heilige Gees verbind. Nie alleen laat die Heilige Gees die gelowige deur 'n ware geloof deel kry aan Christus en sy weldade nie, die Heilige Gees troos ook die gelowige en bly altyd by hom.

'n Vraag wat hier beantwoord moet word, is: wat hou troos in in antwoord 53? In hierdie verband is twee teksverwysings, naamlik Johannes 14:16 en 15:26 onder aan antwoord 53 van belang. In albei teksverwysings word die Heilige Gees in die 1953-Afrikaanse vertaling met *Trooster* vertaal en in die 1983- Afrikaanse vertaling met *Voorspraak*. Inderdaad is die Heilige Gees 'n Trooster en is dit - pastoraal gesproke - 'n kragtige bemoediging dat die Heilige Gees 'n Voorspraak is. Tog moet in die verkenning van hierdie troosmotief uit antwoord 53 in gedagte gehou word dat troos in Johannes 14:16 en 15:26 nie net tot Voorspraak beperk moet word nie "because it

suggests only one very limited aspect of what the Holy Spirit does" (Louw & Nida, 1989, I:142). Die troosmotief word pastoraal verdiep as die nuansering van die Heilige Gees as *Helper* (Romeine 8) hiermee saam in berekening gebring word. Louw & Nida (1989:I:142) wys juis daarop dat die begrip *Helper* (Trooster) 'n ryk gevarieerde betekenis-skakering in verskillende tale het: van die versorgende hulp van 'n moeder tot iemand wat neerkniel langs 'n persoon wat ineengestort het.

Juis só word die pastorale perspektief van troos in vraag en antwoord 1 (dat ek aan Christus behoort) ryker genuanseer, naamlik tot troos waarin nie net die werk van die Gees as Voorspraak na vore kom nie, maar ook die omvattende werk van die Gees as Hulp en Lasdraer.

Hier moet ook gewys word op die ooreenstemming in antwoorde 1 en 53 in die nadere kwalifisering van troos. In vraag en antwoord 1 word die troos omvattend gekwalifiseer as troos in lewe en in sterwe. In antwoord 53 is die nadere kwalifisering van troos dat die Heilige Gees ewig by my bly. Die troos geld dus: in lewe en in sterwe nou en vir ewig.

#### Pastorale toepassingsvlak

Die troos as troos in lewe en in sterwe, en die Trooster wat ewig bly, bied die volgende moontlike toepassingsvlak vir die herderlike bediening.

- Geen situasie is troosteloos en hopeloos nie. Elke situasie waarin herderlike bediening plaasvind, word getransendeer deur die troos in lewe en in sterwe en deur die Trooster wat ewig bly. Hierdie "tydskaders" in die troos bring die eskatologiese dimensie van hoop en volharding in die visier - en dit moet pastoraal verdiskonteer word.
- Die psigologie kan waardevolle insigte bied vir herderlike werk. Die pneumatologie bied die eskatologiese uitsigte vir herderlike werk (vgl. ook by 3.4).

#### 3.2.2 Verdere nuansering van troos (antw. 57 en 58)

Die troosperspektief van vraag en antwoord 1 en die troosmotief in antwoord 53 kom in 'n verdere nuansering in antwoorde 57 en 58 van die HK na vore.

In vraag 57 word gevra: "Watter troos gee die opstanding van die liggaam aan jou?" In die antwoord op hierdie vraag word troos spesifiek aan die opstanding van die liggaam verbind. Hierin is dit opvallend hoe die lewe-sterwemotiewe, en liggaam-sielmotiewe ook hier - soos in vraag en antwoord 1 - aan die troosperspektief verbind word. In antwoord 57 is die troos: "... dat nie alleen my *siel*, *na hierdie lewe dadelik* tot Christus opgeneem sal word nie, maar dat hierdie selfde *liggaam* van my ... (*na hierdie lewe*) weer met my siel verenig en aan die heerlike liggaam van Christus gelykvormig sal word". Pastoraal gesproke is dit van kardinale belang dat troos nie gespiritualiseer word deur dit net aan die opstanding van die siel te verbind nie maar dat troos gekonkretiseer word deur dit ook aan die opstanding van die liggaam te verbind.

Die nadere kwalifisering van troos in antwoord 57 as "na hierdie lewe", word in antwoord 58 pragtig gebalanseer deur nadere kwalifisering van troos as "aangesien ek *nou alreeds* die begin van die ewige vreugde in my hart ervaar, ek *ná hierdie* lewe volkome saligheid sal besit ...".

#### Pastorale toepassingsvlak

- Basies is lewe 'n eenheid van "nou alreeds" en "na" hierdie lewe". Dié beginsel kan sinvol geïmplementeer word in die herderlike bediening aan siekes en sterwendes.
- Omgekeerd kan gestel word dat die lewe nou nie net gebrokenheid is nie maar ook nou alreeds vreugde is wat begin en deurloop in die ewige lewe. In die begeleiding van depressie lyers kan dié vasstelling 'n riglyn vir begeleiding bied.

### 3.2.3 'n Perspektief op die trinitariese fundering van die troos

Soos prediking trinitaries gerig behoort te wees (vgl. Lion-Cachet, 1985:29-40) so behoort herderlike sorg ook Teo-logies, Christologies en Pneumatologies bedien te word. In hierdie verband bied vraag en antwoord 1 van die HK reeds rigtinggewende perspektiewe. Hoewel eers in antwoorde 24 en 25 oor die belydenis van die drie-enige God gehandel word en sekere afdelings van die HK sterk Christosentries en ander weer Pneumatosentries saamgestel is, en veral vrae 26-28 sterk Teosentries gerig is, is die oorhoofse gerigtheid van die HK trinitaries.

Die trinitariese fundering word in antwoord 1 in kern gestel:



- Eerstens word troos verbind aan die werk van *Christus* ons getroue Saligmaker.
- Tweedens word troos verbind aan die feit dat ons Saligmaker ons só bewaar dat sonder die wil van my hemelse *Vader* geen haar van my kop kan val nie.
- Derdens word die troos verbind aan Christus wat my deur sy *Heilige Gees* verseker van die ewige lewe en my van harte bereid maak om voortaan vir Hom te lewe.

Wat opval in die perspektief van antwoord 1 HK is dat die werk van die drie-enige God hier op 'n besondere wyse verwoord word (vgl. Exalto, s.j., 1980(?):66-67). Werk wat normaalweg aan die Vader toegeskryf word (bewaring), word hier aan Christus toegeskryf in verbinding met die wil van die Vader. Die werk van versekering word gewoonlik aan die Heilige Gees toegeskryf maar in antwoord 1 HK is dit Christus wat die versekering gee deur sy Heilige Gees. Hierdie stelwyse beklemtoon die skerp insig wat die opstellers van die HK gehad het in die organiese werking van Vader, Seun en Heilige Gees binne die ekonomie van die Drie-eenheid. Die enigste troos is inderdaad nie triteïsties (drie gode) gerig nie, maar trinitaries.

So vorm die trinitariese perspektief uit antwoord 1 HK die substraat vir die weergawe van die werk van God Drie-enig in die res van die HK.

#### Pastorale toepassingsvlak

- Dit gaan in herderlike werk om die volle troos van die "volle" drie-enige God. Omgekeerd: troos wat nie trinitaries bedien word nie, lei tot verskraling in die pastoraat. 'n Voorbeeld kan dié stelling toelig. Indien in pastorale werk in byvoorbeeld beproewing alleenlik gefokus word op die wil van God - sonder die vrykoping en bewaring van Christus deur sy Heilige Gees, kan die gedagte van God as wrede "tiran" gewek word.
- Indien troos alleenlik Christosentries gerig word sonder verdiskontering van die wil van die Vader en die werk van die Heilige Gees, kan dit lei tot die verskraling van Jesulatrie. Eensydige bediening van troos deur net te konsentreer op die werk van die Heilige Gees sonder inagneming van die werk van die Vader en die Seun, kan lei tot spiritualisering van die pastoraat.

### 3.3 Antropologiese perspektiewe en motiewe

Vanuit meer as een oord is al kritiek uitgespreek op antwoord 1 van die HK as sou dit antroposenties opgestel wees omdat antwoord 1 skynbaar so geformuleer is dat die mens en sy verlossing in die middelpunt staan. Exalto (s.j., 1980(?):63-64, Barth (1960:9) en Steenkamp (1989:618) gaan grondig op hierdie beswaar in. Hier word nie dieper op die kritiek ingegaan nie, behalwe om te stel dat in 'n vorige paragraaf reeds aangetoon is dat die troos van vraag en antwoord 1 wel op die mens gerig is, maar dat die troos trinitaries van oorsprong en werking is.

Intussen is dit inderdaad so dat die antropologie op metateoretiese vlak vir die vak Pastoraal van besondere betekenis kan wees (Oglesby, 1979:157-171). In die vak Pastoraal en in die praktyk van die herderlike bediening is dit die (gelowige) mens met mindere of meerdere toewyding wat herderlik bedien word. 'n Bepaalde mensbeskouing is dus as 'n vertrekpunt vir herderlike werk van wesensbelang (vgl. Louw, 1989:4-32).

Die vraag wat nou behandel word, is: kom daar 'n bepaalde perspektief op die mens in die eerste antwoord van die HK na vore en indien wel, hoe word dié perspektief verder in die HK verbesonder.

#### 3.3.1 Die liggaam-sielperspektief en -motiewe

In die eerste sin van antwoord 1 van die HK kom 'n faset van 'n bepaalde mensbeskouing na vore, naamlik dat die mens 'n eenheid is en nie in afsonderlike dele geskei kan word nie. Die gelowige behoort met *liggaam* en *siel* aan Jesus Christus. Met die uitdrukking *liggaam en siel* word nie in dichotomie verval nie. Die mens as eenheid word hier bedoel. Dit is wel so dat die Bybel en die algemene en besondere belydenisskrifte begrippe soos *liggaam*, *siel*, *vlees*, *gees* ensovoorts hanteer. Die bedoeling is dan egter om die mens vanuit 'n sekere bestaansdimensie te beskou, maar steeds vanuit die perspektief van die mens in sy geheel (vgl. Berkouwer, 1957:254, Venter, 1972:52). Daarom kan gestel word dat die liggaam-sielperspektief van antwoord 1 van die HK nie Platonies is nie en vanuit die visie van die eenheid van die mens beskou en vertolk moet word.

Die perspektief van liggaam en siel word in antwoord 1 HK gebruik in die sin dat die totale mens aan Christus behoort en deur hom verlos is, juis omdat die totale straf, dit wil sê die straf na liggaam en siel (antwoord 11 HK), oor die mens moes heengaan.

Die liggaam-sielperspektief van antwoord 1 word ook in die volgende motiewe in die HK verder beskryf en omlyn:

In antwoord 26 word gestel dat God se sorg, sorg vir die totale mens is. God ons Vader versorg ons met alles wat nodig is vir liggaam en siel. In antwoord 34 word gestel dat die totale mens vrykoop word. Christus het ons na liggaam en siel uit die heerskappy van die duivel verlos. In hierdie formulering word daar teruggegryp op die liggaam-sielperspektief en die vrykooperspektief in die eerste antwoord van die HK.

In antwoord 37 word die totaliteitsperspektief van antwoord 1 sowel op Christus as op die mens toegepas. Christus het die toorn van God na liggaam en siel gedra om ons na liggaam en siel van die ewige verdoemenis te verlos. Hier word die liggaam-sielmotief eskatologies verbind met verlossing van die ewige verdoemenis. Die eskatologiese verbinding van liggaam en siel met die ewige lewe kom ook in antwoord 57 na vore: dat nie alleen my siel *na* hierdie lewe dadelik tot Christus sy Hoof opgeneem sal word nie, maar dat hierdie selfde liggaam van my ... opgewek en *weer* met my siel verenig sal word (vgl. ook 3.4.2).

Die siel-liggaammotief kom vervolgens na vore in antwoord 109 in die opdrag aan die gelowige tot sedelike toewyding aan die Here. Die diepste motivering vir die toewyding is nie net omdat ons liggaam en siel 'n tempel van die Heilige Gees is nie, maar primêr omdat die mens in totaliteit vrykoop is. Totale vrykoping eis totale toewyding.

'n Laaste liggaam-sielmotief kom voor in antwoord 118. Hier word die gelowige beveel om vir alle geestelike en liggaamlike behoeftes te bid.

Samevattend kan gestel word dat die liggaam-sielperspektief en -motiewe in die HK funksioneer ten opsigte van

- die verlossing van die totale mens uit die straf wat oor die totale mens moes kom,
- die sorg van God vir die totale mens,
- die totale mens wat die ewige lewe ontvang,
- die toewyding van die totale mens aan God,

- \* die gebed tot God om totale versorging.

Pastorale toepassingsvlak

- \* In enige gestalte van pastorale werk moet die mens in sy totaliteit betrek word.
- \* Indien herderlike sorg beperk sou word slegs tot die siel, sou die sorg reduksionisties bedien word.

### 3.3.2 Perspektiewe en motiewe in verband met die mens as sondaar

Dat die mens 'n sondaar is, kom in verskeie bewoordinge en nuanseringe in antwoord 1 na vore.

- \* Dit kom eerstens na vore in die uitdrukking: "in lewe en *in sterwe*". Vir die mens is daar nie net lewe nie, maar - helaas - ook sterwe. Die sterwe het die skepping ingetree as gevolg van die sonde van die mens. Dit is opvallend dat van die eerste sake wat in antwoord 1 betrek word (sterwe) die gevolg van die sonde is. Hoewel sterwe 'n gevolg van die sonde is, bly dit 'n onmiskenbare teken wat terugwys na die ongehoorsaamheid van die mens.
- \* Tweedens word die mens as 'n sondaar gestempel in die uitdrukking: "vir *al my sondes* ... ten volle betaal". Van die mens se sonde word hier gesê: *al my sondes*. Sonde is nie eenmalig of sporadies nie. Sonde is 'n toestand van: *al my sondes*. Soos wat die mens in sy totaliteit in antwoord 1 voorgestel word, so word ook sy sonde in totaliteit gestel: *al my sondes*. Die mens moet nie net uit die dade van sonde verlos word nie. Hy moet ook uit die toestand van sonde verlos word. Van sonde word ook gesê: *al my sondes*. Sonde is korporatief (ons) en persoonlik (*my*). Antwoord 1 HK rig hom hier op die persoonlike: *my sondes*. Indien nie gefokus word op *my sondes* nie, kan ook nie gefokus word op my verlossing nie.
- \* Derdens word in antwoord 1 HK gestel dat ek nie net van my sonde verlos is nie, maar ook van 'n sterk aansporing tot die sonde, naamlik van die heerskappy van die duiwel. Die begrip *heerskappy* is hier fyn gekies. Die duiwel bestaan nog en oorwin nog dikwels in die lewe van die gelowige, maar die duiwel se heerskappy is verbreek. Die gelowige word nou beheers deur Christus aan Wie hy behoort.

- \* Vierdens word die perspektief van die mens as sondaar verwoord in " ... en maak Hy my deur sy Gees van harte bereid om voortaan vir Hom te lewe". Vanweë die sonde is ek nie bereid om vir God te lewe nie. Ek moet bereid *gemaak* word. Daarby kom dat die sondaar dikwels net *halfhartig* bereid is om vir God te lewe. Hy moet nog van *harte* bereid gemaak word.

Hierdie enkele perspektiewe van die mens as sondaar word nader uitgewerk in vrae 2-11 van die HK, met as wendingspunt antwoord 8: dat die mens tot niks goed in staat is nie, tensy hy deur die Gees van God weer gebore word.

Dat die mens nie net sondaar nie, maar ook 'n verlose is, word nader uitgewerk onder die versoeningsperspektief (3.3).

#### Pastorale toepassingsvlak

- \* In herderlike werk moet sonde nie versuiker word nie. Indien sonde geminimaliseer word (byvoorbeeld as siekte of as net 'n misstap) hou dit in dat die verlossing ook geminimaliseer word. Christus het juis *sondaars* verlos.
- \* Die verlossing is omvattend: dit geld van *alle* sondes en geskied *ten volle*.

### 3.4 Versoeningsperspektiewe en -motiewe

Die kern van herderlike werk is meermale omskryf as die bediening van die versoening in 'n bepaalde gestalte van verkondiging, naamlik dié van paraklese (Firet, 1968:54-109, Venter, 1976:37-58) aan 'n mens of mense in 'n konkrete situasie. In 2 Korintiërs 5:18-20 word herderlike werk ook direk met die sentrale inhoud van die Bybel, naamlik die versoening, verbind.

Die gedagte van versoening en die effek van die versoening kom wyd verspreid oor die hele HK voor in verskeie perspektiewe en motiewe. Hierdie perspektiewe en motiewe kan hier uiteraard nie volledig behandel word nie. Die volgende word hier aan die orde gestel.

### 3.4.1 Die vrykooperspektief en -motiewe

Die vrykooperspektief word in antwoord 1 verwoord in " ... Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle (*plenissime* - Bakhuizen van den Brink, 1940:148) betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos."

In antwoord 34 HK - na die sterk pastorale vraag: waarom noem jy Hom *ons Here* - word die vrykoopmotief weergegee in die volgende sinsnede " ... ons met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het". Ook die feit van verlossing uit die heerskappy van die duiwel word hierin verwoord.

Dit is nie eienaardig nie dat hierdie sinsnede oor die vrykoping - wat in baie gevalle woordeliks ooreenstem met die uitdrukking in antwoord 1 - juis naby aan die begin van die tweede hoofdeel van die HK (verlossing) geplaas word. Die vrykoopmotief word hier net na die behandeling van die *betekenis* van die name *Jesus* en *Christus* geplaas. Juis na dié uiteensetting volg die pastorale toespitsing: *ons Here*.

Die uitdrukking "met sy bloed gekoop" kom - opvallend - weer voor in die heel eerste antwoord (antwoord 86) van die derde hoofdeel van die HK, dit wil sê aan die begin van die behandeling van die gelowige se dankbaarheidslewe. In hierdie konteks word die met-bloed-gekoopmotief gebruik as inleiding tot die vernuwingswerk van Christus deur sy Heilige Gees. Die verband tussen die vrykoopmotiewe in antwoorde 34 en 86 val op: in die vroegste deel van die afdeling van die HK wat oor die verlossing handel, word die vrykoopmotief verbind met "*ons Here*" (= Verlosser). In die vroegste deel van die HK wat oor ons dankbaarheidslewe handel, word die vrykoopmotief verbind met ons Verlosser wat ons nou deur 'n Heilige Gees toerus tot goeie werke in dankbaarheid.

#### Pastorale toepassingsvlak

Om deur die bloed van Christus vrygekoop te wees, beteken om toegerus te word tot goeie werke. Christus gee nie aan sy kerk lidmate wat Hy nie toerus nie. Hierdie perspektief is belangrik met die oog op gemeente-opbou.

### 3.4.2 Reinigingsmotiewe

Die perspektief van *gekoop* met die bloed van Christus (as onderdeel van die versoeningsperspektiewe) word verder in die HK verbesonder in die uitdrukking:

gewas met die bloed en Gees van Christus. Dit word hier die reinigingsmotief genoem.

Reinigingsmotiewe kom in besonder na vore waar die HK die sakramente behandel. In antwoord 69 word die waterbad van die doop aan die bloed van Christus verbind: "... dat ek net so seker met sy bloed en Gees van die onreinheid van my siel, dit is my sondes gewas is ...". Sekerheid van verlossing kom hier sterk na vore in die uitdrukking: "gewas is". Wat dit beteken om gewas te wees met die bloed en Gees van Christus, word in antwoord 70 nader gekonkretiseer as "... om van God vergewing van sonde uit genade te ontvang ter wille van die bloed van Christus", en ook "... om deur die Heilige Gees vernuwe te word en as lede van Christus geheilig te wees." Hierdie reinigingsmotief word in antwoord 72 voortgesit in die betekenis dat nie die uitwendige waterbad nie, maar alleen die bloed van Christus en die Heilige Gees van alle sonde reinig. In antwoord 72 word die verbinding *bloed en Gees* van Christus weer in 'n reinigingsmotief verwoord "... dat die bloed en Gees van Christus ons sondes só wegneem soos die water die vuilheid van die liggaam".

Implisiet word bloed en Gees weer - hoewel op 'n totaal ander wyse - in antwoord 126 verbind. In hierdie antwoord word gehandel oor die bede: "Vergeef ons ons skulde soos ons ook ons skuldenaars vergewe." Die verklaring van die bede word weergegee as: "... reken ons ... al ons misdade asook die boosheid wat ons aankleef ter wille van die bloed van Christus nie toe nie". Die Heilige Gees word implisiet hierby betrek in die woorde: "... ons bid dit van U omdat ons hierdie bewys van U genade in ons vind: dit is ons ernstige voorname om ons naaste te vergewe". Dus: wie finaal gereinig is deur die bloed van Christus (= skuldvergifenis ontvang het) wil die reiniging ook deurgee deur aan ander vergiffenis van skuld te bied. Om reiniging (= skuldvergifenis) deur te gee, is net moontlik deur gebed.

#### Pastorale toepassingsvlak

- Op die gebied van byvoorbeeld huwelikspastoraat of 'n situasie van onversoenlikheid, geld die volgende: wie nie reinigmaking (vergifenis) deurgee nie, word van vergiffenis ontnem. Die kern is: vergewe om te vergeet.
- Vergiffenis word van God langs die weg van gebed gevra en langs die weg van gebed aan die naaste deurgee.

### 3.4.3 'n Beloftemotief

Die bloed van Christus en die beloftemotief kom saam in antwoord 74 voor. Omdat kinders, net soos volwassenes, in die verbond ingesluit is, word ook aan hulle " ... nie minder as aan die volwassenes nie deur die bloed van Christus verlossing van die sondes en die Heilige Gees wat die geloof werk, belowe". Op grond van die bloed en Gees van Christus geld nie net: jy is gereinig nie, maar ook: jy *sal* gereinig word (dit wii sê langs die weg van verbondsgehoorsaamheid).

### 3.4.4 Die voedingsmotief

In antwoorde 75 en 79 word die gestorte bloed en gebreekte liggaam van Christus in die tekens van wyn en brood verbind aan voedsel wat tot die ewige lewe voed en verkwik. Hierdie lyn word voortgesit in antwoord 79 waar gestel word " ... so voed sy gekruisigde liggaam en gestorte bloed, as die egte voedsel en drank, ons siele vir die ewige lewe". Die offergawe (= met sy bloed vir al my sondes betaal) word in hierdie uitdrukking (voedsel en drank van die ewige lewe) tot offerspyse. In die Nagmaal word 'n gelowige dus voor die werklikheid gestel dat die liggaam en bloed self van Christus, werklik (realiter) aan ons gegee word in die brood en in die wyn tot ons uiterlike voeding. Ons word nie gevoed deur die brood en die wyn as sodanig nie, maar "by the substance of his body" (Calvyn, 1973:246). So word die gelowige waarlik een met Christus. Om Christus te eet met die mond van die geloof hou in kern in die deelmaak, die eie-maak, die ingroei van 'n gelowige in sy diepste wese in Christus se werk vir hom en in hom, kortom, dit beteken om in Christus te leef (Venter, 1990:90).

#### Pastorale toepassingsvlak

God voed en versorg gelowiges wat na Hom honger; hierdie gelowiges is nie "volmaakte" gelowiges nie.

### 3.5 Pneumatologiese perspektiewe en motiewe

Die Pneumatologiese perspektief word in antwoord 1 so gestel: "Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe." Sowel die versekering as die bereidmaking bewerkstellig Christus deur sy Heilige Gees.



Hierdie Pneumatologiese perspektief van antwoord 1 word nou nader aangedui as motiewe en uitgewerk onder bepaalde hoofde waarin die werk van die Heilige Gees telkens na vore kom.

### 3.5.1 Die sekerheidsmotief

Vanaf die sekerheidsperspektief van antwoord 1 (*verseker* Hy my deur sy Heilige Gees van die ewige lewe) loop die lyn deur tot die sekerheidsmotief van antwoord 21: 'n ware geloof is nie alleen 'n gewisse kennis nie, maar ook 'n *vaste vertrou*e wat die Heilige Gees in my hart werk. Die inhoud van die sekerheidsmotief word hier skerp omlyn " ... dat nie net aan ander nie, maar ook aan my vergewing van sondes ... geskenk is."

Hebreërs 11:1 bied besondere lig op die sekerheidsmotief soos in antwoord 21 gestel. In Hebreërs 11:1 word geloof onder andere omskryf as 'n *bewys* van die dinge wat ons nie sien nie. Die begrip ὑπόστασις (bewys) dui hier 'n titelakte aan: dus 'n vaste wetlike, onbetwisbare dokument van eiendomsreg.

Die Heilige Gees as absolute Oorsprong van die geloof word in antwoord 65 beklemtoon, terwyl die versterking van die geloof deur die Heilige Gees in antwoorde 66 en 67 aan die orde kom (vgl. ook Coenen, 1963:81-90).

Die sekerheidsmotief word ten opsigte van verbondskinders in antwoord 74 verbesonder deurdat die Heilige Gees wat die geloof werk ook aan hulle belowe word. Vervolgens word in antwoord 79 gestel dat ons sekerheid daarin lê dat dit die Heilige Gees is wat ons deel laat kry aan die liggaam en bloed van Christus - net so seker as wat ons die tekens van brood en wyn met die mond inneem.

Die sekerheidsperspektief van antwoord 1 (Christus *verseker* my deur sy Heilige Gees) gaan oor in die sekerheidsmotiewe van die Heilige Gees wat die geloof werk en versterk. Dit is opvallend dat die Heilige Gees in die HK baie sterk aan sekerheid verbind word.

#### Pastorale toepassingsvlak

- \* Sekerheid en nie twyfel nie, behoort die vertrekpunt in die pastorale bediening te wees.

- Die menslike beleving van geloof kan fluktureer, maar die goddelike gawe van die geloof nooit nie.

### 3.5.2 Eskatologiese perspektiewe en motiewe

In antwoord 1 kom 'n eskatologiese perspektief in verskeie dimensies na vore. Die eerste dimensie lê reeds in die uitdrukking dat die gelowige in lewe *en in sterwe* (= nou en later, teenswoordig-eskatologies en toekomstig-eskatologies) aan Jesus Christus behoort. Dieselfde eskatologiese nuanses kom na vore in die uitdrukking: Christus verseker my deur sy Heilige Gees van die *ewige* (= toekomstige) lewe en maak my (nou in die hede) van harte gewillig en bereid om vir hom te lewe.

Soortgelyke eskatologiese dimensies word as motiewe weer in antwoorde 57 en 58 aangetref: hierin word gehandel oor die opstanding van die liggaam en die ewige lewe. Hoewel die Heilige Gees hier nie direk genoem word nie, is sy implisiete werk tog duidelik merkbaar in die uitdrukking: aangesien ek *nou* reeds die begin van die ewige vreugde *in my hart ervaar*, ek na hierdie lewe volkome (= voltooide) saligheid sal *smaak (potiar)*.

In vraag 115 word die Heilige Gees se werk in die gebed in die konteks van die 10de gebod eskatologies verbind " ... en God om die genade van die Heilige Gees bid sodat ons (nou, in hierdie bedeling) meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word, totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik."

#### Pastorale toepassingsvlak

In herderlike werk moet rekening gehou word met die *reeds* en die *nog-nie* van hierdie bedeling. Die *reeds* beklemtoon die opbou en die *nog-nie* beklemtoon die gebrokenheid. Die verbinding tussen *nou* en *na*, *reeds* en *nog nie*, lê in die werk van die Heilige Gees wat albei bedelings verbind.

### 3.5.3 Vernuwingsperspektiewe en motiewe

In die eerste antwoord van die HK lê 'n vernuwingsperspektief in die woorde " ... en maak Hy my van harte gewillig en bereid om *voortaan* vir Hom te lewe". Die strekking van *voortaan* is: vroeër was dit nie so nie; die toestand het egter verander. Omdat Christus my vrykoop het, maak Hy my deur sy Heilige Gees van harte (=

soos mense met nuwe harte) gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

Hierdie vernuwingsperspektief van antwoord 1 word in vrae 20 en 21 op 'n unieke wyse weergegee deur die begrip *ingelyf*. Op die vraag of almal dan weer salig word soos hulle deur Adam verlore gegaan het, word die nuwe weergegee deur: net die wat deur 'n ware geloof - wat deur die Heilige Gees gewerk word - in Hom ingelyf word. Vernuwings vind dus plaas deur inlywing. Die konkretisering van die vernuwings is die hand van die geloof wat uitgesteek word om Christus en sy weldade aan te neem.

Op uitnemende wyse word die vernuwingsmotief in antwoorde 69, 70 en 80 weergegee in reinigingsbegrippe. Omdat die reinigingsmotief reeds in 3.3.2 behandel is, word hier volstaan deur alleenlik te stel dat die vernuwingsperspektief in antwoord 1 wat in verdere vernuwingsmotiewe oorloop 'n duidelike patroon vertoon: die lyn loop vanaf die Heilige Gees wat die gelowige bereid maak om vir Christus te lewe, oor die ingrypende aanvang en gawe van die bereidmaking (ware geloof), na die toerusting en versterking vir die gelowige om steeds te vernuwe!

Op hierdie aspek van *toerusting tot vernuwings* word die aandag nou laastens gevestig. Direk by die aanvang van die derde hoofdeel van die HK (antwoord 86) word gesê dat 'n gelowige goeie werke moet en kan doen omdat Christus ons, nadat Hy ons vrygekoopt het, deur sy Gees tot sy ewebeeld vernuwe.

God eis nie eers goeie werke nie. Hy rus eers daarvoor toe!

Die vernuwings- en toerustingsgawe van die Heilige Gees word in antwoord 115 die gebiedingsopgawe vir die gelowige as hy staan voor die eis van die Tien Gebooe. Die gebieding bring ons by die gebieding. Ons moet in die lig van die gebieding tot God bid " ... om die genade van die Heilige Gees sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word".

#### Pastorale toepassingsvlak

- \* Paraklese is nie net vermaning *tot* nie, maar ook vermaning *omdat*. 'n Pastor mag 'n lidmaat vermaan tot goeie werke omdat die Gees 'n lidmaat toerus tot goeie werke.
- \* As die verband tussen gawe en opgawe nie gehandhaaf word nie, kan herderlike werk verskraal tot moralisme.

### 3.5.4 Ekklesiologiese perspektiewe en motiewe

Vanuit antwoord 1 kan die perspektief van *kerk* omskryf word as hulle wat met die kosbare bloed van Christus gekoop en uit die heerskappy van die duiwel verlos is. Kerk sou ook omskryf kan word as hulle vir wie Christus deur sy Heilige Gees van die ewige lewe verseker en hul bereid maak om voortaan vir Hom te lewe.

Die sterk persoonlike "my" van antwoord 1 gaan Pneumatologies in antwoord 54 oor in die korporatiewe (eklesiologiese) motief: "... dat die Seun van God uit die hele *menslike geslag* vir Hom 'n *gemeente* wat tot die ewige lewe uitverkies is, deur sy Gees en Woord in die eenheid van die ware geloof ... vergader, beskerm en onderhou en dat *ek* daarvan 'n lewende lid is ..." In antwoord 54 gaan die individuele (my) van antwoord 1 oor in die ekklesiologiese: *gemeente en eenheid* van die ware geloof, om dan te eindig in die individuele: *ek* is daarvan 'n lewende lid.

Die ekklesiologiese motief van antwoord 54 word in antwoord 123 verbreed tot 'n koninkryksmotief. In antwoord 123 word die bede "laat u koninkryk kom" verklaar. Dit is opvallend hoe Gees en Woord ook hier verbind word in die woorde "regeer ons so deur U Woord en Gees". Dan gaan dié bede via 'n gebed vir die kerk (bewaar U kerk en laat dit groei) oor in 'n gebed vir die koninkryk ("totdat die volkommenheid van u ryk kom").

As die ekklesiologiese perspektief en motiewe verbind word, dui dit 'n beweging in groterwordende sirkels aan. Die *my* van antwoord 1 word verbreed tot *kerk* in antwoord 54 en kerk van antwoord 54 word verbreed tot *koninkryk* in antwoord 123.

Die gelowige is inderdaad lidmaat van die kerk en burger van die koninkryk.

#### Pastorale toepassingsvlak

- Herderlike werk moet individueel toegespits word. Individuele pastorale toespitsing moet altyd toerusting tot funksionering as lid van die *liggaam* van Christus ten doel hê en gerig wees op koninkryksdiens.
- In gemeente-opbou moet daar 'n balans wees tussen individuele en korporatiewe opbou.

#### 4. FINALE KONKLUSIES

Aan die begin van hierdie artikel is die probleemstelling wat ondersoek sou word - vanuit die hipotese dat die HK wel pastorale perspektiewe en motiewe bevat - in drie kernsake saamgetrek.

- \* Eerstens: watter pastorale perspektiewe en motiewe bied die HK?
- \* Tweedens: hoe kom die pastorale perspektiewe in die eerste antwoord na vore en hoe funksioneer dié perspektiewe as pastorale motiewe in die res van die HK?
- \* Derdens: wat is die toepassingsvlak van die pastorale perspektiewe en motiewe vir die herderlike bediening?

Laasgenoemde twee punte is in die gang van die ondersoek genoegsaam aangetoon en uitgelig. Punt een word as finale konklusie só beantwoord: pastorale perspektiewe en motiewe kom in die HK na vore veral in die omvattende troosbegrip, in die trinitariese gefundeerdheid van die troos, in antropologiese perspektiewe en motiewe, in versoeningsperspektiewe en -motiewe en in pneumatologiese perspektiewe en motiewe. Dié bevinding verifieer die hipotese wat as vertrekpunt vir hierdie navorsing gedien het.

Die HK wil inderdaad pastoraal funksioneer as *unica tua consolatio* - in lewe en in sterwe!

#### 5. BIBLIOGRAFIE

- ADAMS, JAY E. 1979. More than redemption. A theology of Christian counseling. Grand Rapids : Baker.
- BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, J.N. 1940. De Nederlandsche belijdenisgeschriften. Vergelykende teksten. Amsterdam : Holland.
- BARTH, K. 1960. Einführung in den Heidelberger Katechismus. Zurich : EVZ.
- BAVINCK, J. 1903. De Heidelbergsche Catechismus in 60 leerredenen verklaard. Kampen : Kok.
- BERKOUWER, G.C. 1957. De mens het beeld Gods. Kampen : Kok.
- BLOK, M.J.C. 1969. Beleden beloften. Groningen : De Vuurbaak.
- BOUMAN, W.R. 1984. Systematic theology and pastoral ministry: apologia. *Trinity Seminary Review*, 6(2):3-11.
- CALVYN, J. 1973. The first epistle of Paul tot the Corinthians. Vertaal deur J.W. Fraser. Grand Rapids : Eerdmans.
- COENEN, L. 1963. Wort Gottes und Heiliger Geist (In Coenen, L. red. Handbuch zum Heidelberger Katechismus. Neukirchener : Neukirchener Verlag. p. 81-90).

- DE GRAAF, S.G. 1954. Het ware geloof. Beschouwingen over Zondag 1-22 van die Heidelbergse Catechismus. Kampen : Kok.
- DIJKSTRA, H. 1980. Die aard van die persoonlike toespitsing van die heil in die Heidelbergse Kategismus ('n steekproef). *In die Skriflig*, 14(56):40-53.
- DIJKSTRA, H. 1988. Die betekenis van die Heidelbergse Kategismus as leerboek vir die verbondsonderrig van die kerkjeug. (*In* Venter, C.J.H. red. God bou op deur sy Woord. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies, p. 190-208).
- ENGELBRECHT, B.J. 1989. 'n Vergelyking tussen die teologie van die Nederlandse Geloofsbelijdenis en die Heidelbergse Kategismus. *Hervormde Teologiese Studies*, 45(3):626-644.
- EXALTO, K. s.j. (1980?). De enige troost. Inleiding tot de Heidelbergse Catechismus. Kampen : Kok.
- FIRET, J. 1968. Het agogisch moment in het pastoraal optreden. Kampen : Kok.
- GRAFFMANN, H. 1961. Geschichte der Entstehung und Methodik des Unterrichts im Heidelberger Katechismus. Neukirchen : Neukirchener Verlag.
- GROBLER, C.S. 1988. Kategismusprediking in gemeente-opbou. (*In* Venter, C.J.H. red, God bou op deur sy Woord. Potchefstroom : Departement Sentrale Publikasies. p. 120-135).
- HAITJEMA, Th.L. 1962. De Heidelbergse Catechismus als klankbodem en inhoud van het actuele belijden onzer kerk. Wageningen : Veenman.
- HARTVELT, G.P., DELLEMAN, T.H., SCHURMAN, L., RINZEMA, J. 1966. Alles in Hem. Aalten : De Graafschap.
- HERMS, E. 1979. Der Beitrag der Dogmatik zur Gewinnung theologischer Kompetenz. *Evangelische Theologie*, 39:276-300.
- HOLLWEG, W. 1961. Neue Untersuchungen zur Geschichte und Lehre des Heidelberger Katechismus. Neukirchen : Neukirchener Verlag.
- JANSE VAN RENSBURG, J.J. 1990. Indikatief en paraklese in 1 Petrus. *In die Skriflig*, 24(1):71-101.
- IONKER W D 1976. Die Woord as opdrag. Pretoria : NG Kerkboekhandel.
- JOOSTE, J.P. 1963. Die Heidelbergse Kategismus 400 jaar in diens. *Koers* xxx(10):313-322.
- LION-CACHET, F.N. 1985. Die prediking van Vader, Seun en Heilige Gees (*In* Van der Walt, J.J. red. 'God aan die Woord'. Potchefstroom : Departement Diakoniologie, p. 29-40).
- LOUW, D.J. 1989. Die ontwerp van 'n teologiese antropologie as basisteorie vir 'n effektiewe pastorale bediening (*In* Smuts, A.J. red., Predikant en pastorale praktyk. Pretoria : Academica, p. 4-32).
- LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1989. Greek-English Lexicon of the New Testament based on semantic domains I. Roggebaai : Bible Society of South Africa.
- MISKOTTE, K.H. 1947. De blijde wetenschap. Nijkerk : Callenbach.
- NEWTON, H. 1987. Dogmatic pastoral counseling. *Journal for pastoral Counseling*, 22(2):89-97.
- OBERHOLZER, J.P. 1985. Die Heidelbergse Kategismus in vier teksuitgawes met inleiding en teksvergeliking. Pretoria : Kital.
- OBERHOLZER, J.P. 1989. Die Heidelbergse Kategismus in sy eerste jare. *Hervormde Teologiese Studies*, 45(3):598-609.
- OGLESBY, W.B. (Jnr.). 1979. Implications of Anthropology for pastoral care and counseling. *Interpretation*, 33:157-171.
- PRINS, J.M.G. 1973. Die Heidelbergse Kategismus as kategetiese leerstof. Stellenbosch. (Proefskrif (D.Th.) - U.S.).
- ROSSMAN, ETTA C. 1985. A God of chance or providence in the face of death and disease. *Journal for pastoral care*, 39:120-126.
- SCHULZE, L.F. 1988. Die kategismusprediking in die krisis. *In die Skriflig*, 22(88):24-31.
- SPILKA, B., & SPANGLER, J.D. & RIA, PRISCILLA, M. 1981. The role of theology in pastoral care for the dying. *Theology today*, 38:16-29.

- SPOELSTRA, B. 1989. Die sogenaamde Kategismusprek. Diktaat. Potchefstroom : Teologiese Skool. (Ongepubliseer)
- STEENKAMP, J.J. 1989. Ursinus die opsteller van die Heidelbergse Kategismus, Olevianus en die Heidelbergse teologie. *Hervormde Teologiese Studies*, 45(3):611-620.
- STOLLBERG, D. 1982. Sielsorge als Lehre. *Evangelische Theologie*, 42:216-232.
- VENTER, C.J.H. 1972. By die sterfbed. Potchefstroom : Pro Rege.
- VENTER, C.J.H. 1976. Die bediening van die versoening aan die bejaarde. 'n Pastorale studie in die lig van die Pastorale Briewe. Potchefstroom : Pro Rege.
- VENTER, C.J.H. 1990. Die Nagmaal as maaltyd. *Koers*, 55(1):79-93.

